(4) Die Kommissaris kan, ondanks subartikels (2) en (3), ’n persoon toelaat om vir vrywillige blootleggingsverligting aansoek te doen indien die Kommissaris, met inagneming van die omstandighede en die omvang van die audit, ondersoek of toepassingshandelings, van mening is dat—	50
(a) die onderbetaling waarop die voorgenome aansoek om vrywillige blootleggingsverligting gebaseer is, nie andersins in die gewone loop van die audit, ondersoek of toepassingshandelings opgespoor sou gewees het nie; en	55
(b) die aansoek in belang van goeie bestuur van die belastingstelsel en die beste gebruik van die Kommissaris se hulpbronne sal wees.	

(5) An application referred to in this section must be submitted in accordance with any rules prescribed in terms of section 77ZH(a).

Requirements for valid voluntary disclosure

77ZB. Voluntary disclosure is valid and relief may be granted only if the disclosure—

- (a) is voluntary;
- (b) involves an underpayment which has not occurred within five years of a previous disclosure of a similar underpayment by the applicant;
- (c) is full and complete in all material respects;
- (d) will not result in the Commissioner being obliged to pay a refund or drawback or additional refund or drawback; and
- (e) complies with any requirements referred to in section 77ZH.

Procedure following receipt of voluntary disclosure application

77ZC. When a person applies for voluntary disclosure relief, the Commissioner must—

- (a) evaluate the disclosure; and
- (b) either grant relief as set out in section 77ZD(2)(d) or determine that the application is not valid.

Voluntary disclosure agreement following granting of relief

77ZD. (1)(a) Upon granting voluntary disclosure relief, the Commissioner must—

- (i) make a duty assessment or re-assessment in relation to the relevant goods on the basis of the disclosed facts; and
- (ii) determine the amount of—
 - (aa) duty and interest, as may be applicable, outstanding as a result of the underpayment; or
 - (bb) the refund or drawback paid by the Commissioner as a result of the underpayment that was not payable.

(b) An assessment, a re-assessment and a determination of the amount owing in terms of subsection (1)(a) is not subject to an administrative appeal in terms of Chapter XA.

(2) The Commissioner and the applicant must, despite the other provisions of this Act, but subject to section 77ZE, conclude an agreement in writing—

- (a) setting out details of the underpayment on which the voluntary disclosure relief is based;
- (b) stating the amount owing to the Commissioner as determined in terms of subsection (1)(a)(i) and (ii);
- (c) containing an undertaking by the applicant to pay to the Commissioner the amount owing in accordance with any arrangements as may be agreed; and
- (d) containing an undertaking by the Commissioner that the Commissioner will—
 - (i) not pursue criminal proceedings against the applicant for any offence in terms of this Act or the common law arising from the underpayment;
 - (ii) not impose any administrative penalty in terms of this Act on the applicant for any breach of this Act arising from the underpayment, excluding a penalty imposed for late payment;
 - (iii) grant relief as contemplated in section 229(b) and (c) of the Tax Administration Act in relation to any duty referred to in paragraph (d) of the definition of ‘duty’ in section 77Z; and

(5) 'n Aansoek in hierdie artikel bedoel, moet ooreenkomstig enige reëls |
 ingevolge artikel 77ZH(a) uitgevaardig, voorgelê word.

Vereistes vir geldige vrywillige blootlegging

77ZB. Vrywillige blootlegging is geldig en verligting kan toegestaan |
 word slegs as die blootlegging— 5

(a) vrywillig is;

(b) 'n onderbetaling behels wat nie voorgekom het binne vyf jaar na 'n |
 vorige blootlegging van 'n soortgelyke onderbetaling deur die 10
 aansoeker nie;

(c) in alle wesenlike opsigte volledig is;

(d) nie tot gevolg sal hê dat die Kommissaris verplig word om 'n |
 terugbetaling of teruggawe of addisionele terugbetaling of teruggawe 10
 te betaal nie; en

(e) aan enige vereistes in artikel 77ZH vermeld, voldoen.

Prosedure na ontvangs van aansoek om vrywillige blootlegging 15

77ZC. Wanneer 'n persoon aansoek doen om vrywillige |
 blootleggingsverligting moet die Kommissaris—

(a) die blootlegging evalueer; en

(b) verligting soos uiteengesit in artikel 77ZD(2)(d), toestaan, of bepaal |
 dat die aansoek nie geldig is nie. 20

Vrywillige blootleggingsooreenkoms na toestaan van verligting

77ZD. (1)(a) Na toestaan van vrywillige blootleggingsverligting moet |
 die Kommissaris—

(i) 'n aanslag of heraanslag met betrekking tot die betrokke goedere op |
 grond van die blootgelegde feite doen; en 25

(ii) die bedrag bepaal van—

(aa) reg en rente, soos toepaslik, wat as gevolg van die |
 onderbetaling uitstaande is; of

(bb) die terugbetaling of teruggawe wat deur die Kommissaris |
 betaal is as gevolg van die onderbetaling wat nie betaalbaar 30
 was nie.

(b) 'n Aanslag of heraanslag en 'n bepaling van die bedrag wat ingevolge |
 subartikel (1)(a) verskuldig is, is nie aan 'n administratiewe appèl 35
 ingevolge Hoofstuk XA onderhewig nie.

(2) Die Kommissaris en die aansoeker moet, ondanks die ander |
 bepalinge van hierdie Wet, maar onderhewig aan artikel 77ZE, 'n skriftelike 35
 ooreenkoms aangaan wat—

(a) die besonderhede van die onderbetaling waarop die vrywillige |
 blootleggingsverligting gebaseer is, uiteensit;

(b) die bedrag vermeld wat aan die Kommissaris verskuldig is soos |
 ingevolge subartikel (1)(a)(i) en (ii) bepaal; 40

(c) 'n onderneming deur die aansoeker bevat om die bedrag wat |
 verskuldig is ooreenkomstig enige reëlings waarop daar ooreengekom 40
 mag word, aan die Kommissaris te betaal; en

(d) 'n onderneming deur die Kommissaris bevat dat die Kommissaris— 45

(i) nie met strafregtelike verrigtinge vir enige misdryf ingevolge |
 hierdie Wet, of die gemenerereg, wat uit die onderbetaling 45
 voortspruit, teen die aansoeker sal voortgaan nie;

(ii) geen administratiewe boete ingevolge hierdie Wet aan die |
 aansoeker sal oplê vir enige oortreding van hierdie Wet wat 50
 met die onderbetaling verband hou nie, met uitsondering van
 'n boete opgelê vir laat betaling;

(iii) verligting sal toestaan soos beoog in artikel 229(b) en (c) van |
 die Wet op Belastingadministrasie met betrekking tot enige reg 50
 in paragraaf (d) van die omskrywing van 'reg' in artikel 77Z 55
 bedoel; en

- (iv) not impose any forfeiture amount contemplated in section 88(2)(a).

Withdrawal of voluntary disclosure relief

77ZE. (1) If an applicant failed to disclose a matter that was material for purposes of making a valid voluntary disclosure as set out in section 77ZB, the Commissioner may— 5

(a) withdraw any relief provided for in the agreement;

(b) recover the amount owing as determined in terms of section 77ZD(1)(a)(i) and (ii) in accordance with the Act; and

(c) retain any amount paid to the Commissioner in terms of the agreement as a part payment on the full amount owed to the Commissioner. 10

(2) A withdrawal contemplated in subsection (1) is subject to internal appeal in terms of Chapter XA.

Reporting

77ZF. (1) The Commissioner must annually, at a time as may be agreed between the Commissioner, the Auditor-General and the Minister, report to the Auditor-General and the Minister particulars of all voluntary disclosure agreements concluded in terms of this Chapter in respect of applications received during the period reported on. 15

(2) A report in terms of subsection (1) may not disclose the identity of the persons concerned and must contain particulars in summarised form of the number of voluntary disclosure agreements and the amount owing to the Commissioner as determined in terms of section 77ZD(1)(a)(i) and (ii) in respect of each voluntary disclosure. 20

Non-binding private opinions on eligibility for voluntary disclosure of persons who wish to remain anonymous 25

77ZG. (1) The Commissioner may, on request by a person who wishes to remain anonymous, issue a non-binding private opinion as to that person's eligibility for voluntary disclosure relief in terms of this Chapter. 30

(2) A request in terms of subsection (1) must provide sufficient information to enable the Commissioner to comply with the request, but need not identify any person responsible for causing the underpayment.

Rules to facilitate implementation of Chapter

77ZH. (1) The Commissioner may make rules to facilitate the implementation of this Chapter, including rules prescribing— 35

(a) the form and format and contents of applications for voluntary disclosure relief;

(b) any documents that must accompany such applications;

(c) the manner and time within which such applications must be lodged;

(d) the form and format of voluntary disclosure agreements; and 40

(e) any other matter reasonably necessary and useful for the efficient and effective administration of this Chapter.”.

(2) Subsection (1) comes into effect on a date to be determined by the Minister by notice in the *Gazette*.

- (iv) geen verbeuringsbedrag in artikel 88(2)(a) beoog, sal op nie.

Intrekking van vrywillige blootstellingsverligting

- 77ZE.** (1) Indien 'n aansoeker versuim het om 'n aangeleentheid bekend te maak wat wesenlik is vir doeleindes van 'n geldige vrywillige blootlegging soos in artikel 77ZB uiteengesit, kan die Kommissaris—
- (a) enige verligting waarvoor in die ooreenkoms voorsiening gemaak word, intrek;
 - (b) die verskuldigde bedrag, soos bepaal ingevolge artikel 77ZD(1)(a)(i) en (ii), ooreenkomstig die Wet verhaal; en
 - (c) enige bedrag wat ingevolge die ooreenkoms aan die Kommissaris betaal is, behou as 'n afbetaling op die volle bedrag wat aan die Kommissaris verskuldig is.
- (2) 'n Intrekking in subartikel (1) bedoel, is aan 'n administratiewe appèl ingevolge Hoofstuk XA onderhewig.

Verslagdoening

- 77ZF.** (1) Die Kommissaris moet jaarliks, op 'n tydstip deur die Kommissaris, die Ouditeur-generaal en die Minister ooreengekom, aan die Ouditeur-generaal en die Minister verslag doen oor die besonderhede van alle vrywillige blootleggingsooreenkomste ingevolge hierdie Hoofstuk aangegaan ten opsigte van aansoeke wat gedurende die verslagdoeningstydperk ontvang is.
- (2) 'n Verslag ingevolge subartikel (1) mag nie die identiteit van die betrokke persone bekend maak nie en moet besonderhede van die getal vrywillige blootleggingsooreenkomste en die bedrag wat aan die Kommissaris verskuldig is ten opsigte van elke vrywillige blootlegging soos ingevolge artikel 77ZD(1)(a)(i) en (ii) bepaal, in opgesomde formaat bevat.

Niebindende privaatmenings oor geskiktheid vir vrywillige blootlegging van persone wat naamloos wil bly

- 77ZG.** (1) Die Kommissaris kan, op versoek van 'n persoon wat naamloos wil bly, 'n niebindende privaatmening uitreik oor daardie persoon se geskiktheid vir vrywillige blootleggingsverligting ingevolge hierdie Hoofstuk.
- (2) 'n Versoek ingevolge subartikel (1) moet voldoende inligting verstrek ten einde die Kommissaris in staat te stel om aan die versoek te voldoen, maar hoef nie enige persoon te identifiseer wat vir die onderbetaling verantwoordelik is nie.

Reëls ter fasilitering van implementering van Hoofstuk

- 77ZH.** Die Kommissaris kan reëls uitvaardig om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer, insluitend reëls wat die volgende voorskryf:
- (a) Die vorm en formaat en die inhoud van aansoeke om vrywillige blootleggingsverligting;
 - (b) enige dokumente wat sodanige aansoeke moet vergesel;
 - (c) die wyse waarop en die tyd waarbinne sodanige aansoeke ingedien moet word;
 - (d) die vorm en formaat van vrywillige blootleggingsooreenkomste; en
 - (e) enige ander aangeleentheid wat redelikerwyse nodig en bruikbaar mag wees vir die doeltreffende en effektiewe toepassing van hierdie Hoofstuk.”.

- (2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

Amendment of section 1 of Act 89 of 1991, as amended by section 21 of Act 136 of 1991, paragraph 1 of Government Notice 2695 of 8 November 1991, section 12 of Act 136 of 1992, section 1 of Act 61 of 1993, section 22 of Act 97 of 1993, section 9 of Act 20 of 1994, section 18 of Act 37 of 1996, section 23 of Act 27 of 1997, section 34 of Act 34 of 1997, section 81 of Act 53 of 1999, section 76 of Act 30 of 2000, section 64 of Act 59 of 2000, section 65 of Act 19 of 2001, section 148 of Act 60 of 2001, section 114 of Act 74 of 2002, section 47 of Act 12 of 2003, section 164 of Act 45 of 2003, section 43 of Act 16 of 2004, section 92 of Act 32 of 2004, section 8 of Act 10 of 2005, section 101 of Act 31 of 2005, section 40 of Act 9 of 2006, section 77 of Act 20 of 2006, sections 81 and 108 of Act 8 of 2007, section 104 of Act 35 of 2007, section 68 of Act 3 of 2008, section 104 of Act 60 of 2008, section 33 of Act 18 of 2009, section 119 of Act 7 of 2010, section 26 of Act 8 of 2010, section 129 of Act 24 of 2011, section 271 of Act 28 of 2011, read with item 108 of Schedule 1 to that Act, section 145 of Act 22 of 2012, section 165 of Act 31 of 2013, section 95 of Act 43 of 2014, section 128 of Act 25 of 2015, section 83 of Act 15 of 2016, section 77 of Act 17 of 2017, section 89 of Act 28 of 2018, section 66 of Act 34 of 2019, section 61 of Act 23 of 2020, section 27 of Act 20 of 2022, section 46 of Act 17 of 2023 and section 45 of Act 42 of 2024

11. Section 1 of the Value-Added Tax Act, 1991 (Act No. 89 of 1991), is hereby amended—

- (a) by the insertion after the definition of “dwelling” of the following definitions: 20
- “**e-credit note**” means a credit note as contemplated in section 21, that—
- (a) is issued, transmitted and received in a structured electronic format which allows for its automatic and electronic processing; and
- (b) complies with such further requirements as the Minister may prescribe by Regulation; 25
- “**e-debit note**” means a debit note as contemplated in section 21, that—
- (a) is issued, transmitted and received in a structured electronic format which allows for its automatic and electronic processing; and
- (b) complies with such further requirements as the Minister may prescribe by Regulation; 30
- “**e-invoice**” means a tax invoice that—
- (a) is issued, transmitted and received in a structured electronic format which allows for its automatic and electronic processing; and
- (b) complies with such further requirements as the Minister may prescribe by Regulation;” 35
- (b) by the insertion after the definition of “entertainment” of the following definition:
- “**e-reporting**” means the process of electronically submitting tax data, for purposes of this Act, extracted from an e-invoice, e-debit note, or e-credit note, to— 40
- (a) SARS;
- (b) a supplier or service provider of the supplier; and
- (c) a recipient or service provider of the recipient, where applicable, within the interoperability framework in the form and manner as the Minister may prescribe by Regulation;” 45
- (c) by the insertion after the definition of “international journey” of the following definition:
- “**interoperability framework**” means the use of a network of service providers, where decentralised exchange of e-invoices, e-debit notes and e-credit notes occur, and that can facilitate clearance and interoperability between supplier and recipient, and complies with such further requirements as the Minister may prescribe by Regulation;” 50

Wysiging van artikel 1 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 136 van 1991, paragraaf 1 van Goewermenskennisgewing 2695 van 8 November 1991, artikel 12 van Wet 136 van 1992, artikel 1 van Wet 61 van 1993, artikel 22 van Wet 97 van 1993, artikel 9 van Wet 20 van 1994, artikel 18 van Wet 37 van 1996, artikel 23 van Wet 27 van 1997, artikel 34 van Wet 34 van 1997, artikel 81 van Wet 53 van 1999, artikel 76 van Wet 30 van 2000, artikel 64 van Wet 59 van 2000, artikel 65 van Wet 19 van 2001, artikel 148 van Wet 60 van 2001, artikel 114 van Wet 74 van 2002, artikel 47 van Wet 12 van 2003, artikel 164 van Wet 45 van 2003, artikel 43 van Wet 16 van 2004, artikel 92 van Wet 32 van 2004, artikel 8 van Wet 10 van 2005, artikel 101 van Wet 31 van 2005, artikel 40 van Wet 9 van 2006, artikel 77 van Wet 20 van 2006, artikels 81 en 108 van Wet 8 van 2007, artikel 104 van Wet 35 van 2007, artikel 68 van Wet 3 van 2008, artikel 104 van Wet 60 van 2008, artikel 33 van Wet 18 van 2009, artikel 119 van Wet 7 van 2010, artikel 26 van Wet 8 van 2010, artikel 129 van Wet 24 van 2011, artikel 271 van Wet 28 van 2011, gelees saammet item 108 van Bylae 1 tot daardie Wet, artikel 145 van Wet 22 van 2012, artikel 165 van Wet 31 van 2013, artikel 95 van Wet 43 van 2014, artikel 128 van Wet 25 van 2015, artikel 83 van Wet 15 van 2016, artikel 77 van Wet 17 van 2017, artikel 89 van Wet 28 van 2018, artikel 66 van Wet 34 van 2019, artikel 61 van Wet 23 van 2020, artikel 27 van Wet 20 van 2022, artikel 46 van Wet 17 van 2023 en artikel 45 van Wet 42 van 2024

11. (1) Artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991), word hierby gewysig—

(a) deur na die omskrywing van “donasie” die volgende omskrywings in te voeg:

“**e-debietnota**” ’n debietnota soos in artikel 21 beoog, wat—

(a) uitgereik, oorgedra en ontvang is in ’n gestruktureerde elektroniese formaat wat vir die outomatiese en elektroniese verwerking daarvan voorsiening maak; en

(b) voldoen aan sodanige verdere vereistes soos die Minister by Regulasie kan voorskryf;

“**e-faktuur**” ’n belastingfaktuur wat—

(a) uitgereik, oorgedra en ontvang is in ’n gestruktureerde elektroniese formaat wat vir die outomatiese en elektroniese verwerking daarvan voorsiening maak; en

(b) voldoen aan sodanige verdere vereistes soos die Minister by Regulasie kan voorskryf;

“**e-kredietnota**” ’n kredietnota soos in artikel 21 beoog, wat—

(a) uitgereik, oorgedra en ontvang is in ’n gestruktureerde elektroniese formaat wat vir die outomatiese en elektroniese verwerking daarvan voorsiening maak; en

(b) voldoen aan sodanige verdere vereistes soos die Minister by Regulasie kan voorskryf;

“**e-verslagdoening**” die proses van die elektroniese indiening van belastingdata, vir doeleindes van hierdie Wet, verkry vanuit ’n e-faktuur, e-debietnota, of e-kredietnota aan—

(a) SAID;

(b) ’n verskaffer of diensverskaffer van die verskaffer; en

(c) ’n ontvanger of diensverskaffer van die ontvanger, waar van toepassing,

binne die interoperatiewe raamwerk in die vorm en wyse soos die Minister by Regulasie kan voorskryf;”;

(b) deur na die omskrywing van “internasionale reis” die volgende omskrywing in te voeg:

“**interoperatiewe raamwerk**” beteken die gebruik van ’n netwerk van diensverskaffers, waar gedesentraliseerde uitruiling van e-fakture, e-debietnotas en e-kredietnotas plaasvind, en wat die klaring en interoperatiewiteit tussen verskaffer en ontvanger kan fasiliteer, en voldoen aan sodanige verdere vereistes soos die Minister by Regulasie kan voorskryf;”.

Amendment of section 44 of Act 89 of 1991, as amended by section 37 of Act 97 of 1993, section 27 of Act 37 of 1996, section 42 of Act 27 of 1997, section 100 of Act 30 of 1998, section 98 of Act 53 of 1999, section 168 of Act 60 of 2001, section 88 of Act 20 of 2006, section 36 of Act 36 of 2007, section 43 of Act 61 of 2008, section 271 of Act 28 of 2011, read with paragraphs 133 and 180 of Schedule 1 to that Act, section 180 of Act 31 of 2013, section 31 of Act 44 of 2014, section 28 of Act 16 of 2016, section 12 of Act 22 of 2018 and section 12 of Act 43 of 2024 5

12. Section 44 of the Value-Added Tax Act, 1991, is hereby amended—

(a) by the deletion in subsection (3) of the full stop after paragraph (d) and the insertion of a semi-colon; 10

(b) by the addition in subsection (3) after paragraph (d) of the following paragraph:

“(e) in the case of the cancellation of the registration of a vendor under section 24 of the Act, and that vendor—

(i) is not a resident of the Republic; and 15

(ii) did not or was not, on or after 24 December 2024, required to, open a banking account with any bank, mutual bank or other similar institution, registered in terms of the Banks Act, 1990 (Act No. 94 of 1990), for the purposes of his or her enterprise under section 23(2) or 23(2B), 20

the vendor has furnished the Commissioner, in writing, with particulars of that enterprise’s banking account to enable the Commissioner to transfer a refund or other amount due to the vendor to such account.”.

Amendment of section 45 of Act 89 of 1991, as amended by section 33 of Act 136 of 1992, section 4 of Act 61 of 1993, section 19 of Act 140 of 1993, section 24 of Act 20 of 1994, section 33 of Act 37 of 1996, section 43 of Act 27 of 1997, section 101 of Act 30 of 1998, section 169 of Act 60 of 2001, section 44 of Act 61 of 2008, section 271 of Act 28 of 2011, read with paragraph 134 of Schedule 1 to that Act, section 32 of Act 44 of 2014, section 136 of Act 23 of 2015 and section 23 of Act 18 of 2023 25 30

13. Section 45 of the Value-Added Tax Act, 1991, is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (iii) of the proviso of the following paragraph:

“(iii) where the vendor is not a resident of the Republic and—

(aa) has not appointed a representative vendor as contemplated in section [48(1) in the Republic] 46 or has not furnished the Commissioner with the particulars of such representative vendor; [or] 35

(bb) has not opened a banking account in the Republic as required by [paragraph (ii)(bb) of the proviso to] section 23(2) and (2B) or has not furnished the Commissioner with the particulars of such banking account; 40

(cc) is a company, the vendor has not complied with the requirements as laid down in terms of the proviso to section 44(3)(d); or 45

(dd) has not furnished the Commissioner, in writing, with particulars of the enterprise’s banking account as required in terms of section 44(3)(e),

the said period of 21 business days shall be reckoned from the date the vendor furnishes the Commissioner with the particulars of such representative vendor [or], banking account or notification and indemnity, as the case may be.”; and 50

Wysiging van artikel 44 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 37 van Wet 97 van 1993, artikel 27 van Wet 37 van 1996, artikel 42 van Wet 27 van 1997, artikel 100 van Wet 30 van 1998, artikel 98 van Wet 53 van 1999, artikel 168 van Wet 60 van 2001, artikel 88 van Wet 20 van 2006, artikel 36 van Wet 36 van 2007, artikel 43 van Wet 61 van 2008, artikel 271 van Wet 28 van 2011, gelees saammet paragrafe 133 en 180 van Bylae 1 tot daardie Wet, artikel 180 van Wet 31 van 2013, artikel 31 van Wet 44 van 2014, artikel 28 van Wet 16 van 2016, artikel 12 van Wet 22 van 2018 en artikel 12 van Wet 43 van 2024

12. Artikel 44 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—

- (a) deur die punt na paragraaf (d) te skrap en 'n komma-punt in te voeg;
- (b) deur in subartikel (3) na paragraaf (d) die volgende paragraaf by te voeg:
- “(e) in die geval van die kansellasië van die registrasie van 'n ondernemer ingevolge artikel 24 van die Wet, en daardie ondernemer—
- (i) nie 'n inwoner van die Republiek is nie; en
- (ii) nie het nie of nie vereis was om, op of na 24 Desember 2024, 'n bankrekening by enige bank, onderlinge bank of ander soortgelyke instelling, geregistreer ingevolge die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990), vir doeleindes van sy of haar onderneming ingevolge artikel 23(2) of 23(2B) te open nie, die ondernemer die Kommissaris op skrif voorsien het van besonderhede van die onderneming se bankrekening, ten einde die Kommissaris in staat te stel om 'n terugbetaling of ander bedrag verskuldig aan die ondernemer na sodanige rekening oor te plaas.”.

Wysiging van artikel 45 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 33 van Wet 136 van 1992, artikel 4 van Wet 61 van 1993, artikel 19 van Wet 140 van 1993, artikel 24 van Wet 20 van 1994, artikel 33 van Wet 37 van 1996, artikel 43 van Wet 27 van 1997, artikel 101 van Wet 30 van 1998, artikel 169 van Wet 60 van 2001, artikel 44 van Wet 61 van 2008, artikel 271 van Wet 28 van 2011, gelees saammet paragraaf 134 van Bylae 1 tot daardie Wet, artikel 32 van Wet 44 van 2014, artikel 136 van Wet 23 van 2015, en artikel 23 van Wet 18 van 2023

13. Artikel 45 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig—

- (a) deur in subartikel (1) paragraaf (iii) van die voorbehoudsbepaling deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(iii) waar die ondernemer nie 'n inwoner van die Republiek is nie en—
- (aa) nie 'n verteenwoordigende ondernemer, soos beoog in artikel [48(1), in die Republiek] 46, aangestel het nie of nie die Kommissaris van die besonderhede van daardie verteenwoordigende ondernemer voorsien het nie; [of]
- (bb) nie 'n bankrekening in die Republiek geopen het nie soos vereis deur [paragraaf (ii)(bb) van die voorbehoudsbepaling by] artikel 23(2) en (2B) of nie die besonderhede van bedoelde bankrekening aan die Kommissaris verstrek het nie;
- (cc) 'n maatskappy is, en die ondernemer nie die vereistes neergelê ingevolge die voorbehoudsbepaling by artikel 44(3)(d) nagekom het nie; of
- (dd) nie die Kommissaris, op skrif, voorsien het van besonderhede van die onderneming se bankrekening soos ingevolge artikel 44(3)(e) vereis nie,
- bedoelde tydperk van 21 besigheidsdae bereken word vanaf die datum waarop die ondernemer die Kommissaris van die besonderhede van bedoelde verteenwoordigende ondernemer [of], bankrekening of kennisgewing van vrywaring, na gelang van die geval, voorsien.”; en

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) Where the amount of any interest paid to a person in terms of subsection (1) is in excess of the current amount, the Commissioner may recover the amount of the excess [**under section 40(2)(a)**] as if it were tax payable by such person.”.

5

Amendment of section 74 of Act 89 of 1991, as amended by section 188 of Act 45 of 2003, section 105 of Act 43 of 2014 and section 20 of Act 14 of 2017

14. Section 74 of the Value-Added Tax Act, 1991, is hereby amended by the insertion after subsection (1A) of the following subsection:

“(1B) The Minister may make regulations prescribing the requirements for participation by a vendor in a voluntary e-reporting system, including any matters connected therewith that is necessary to prescribe for the proper implementation or administration of this system.”.

10

Amendment of section 11 of Act 28 of 2011, as amended by section 40 of Act 21 of 2012, section 33 of Act 39 of 2013, section 36 of Act 23 of 2015, section 48 of Act 16 of 2016 and section 27 of Act 33 of 2019

15

15. Section 11 of the Tax Administration Act, 2011 (Act No. 28 of 2011), is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) Unless the court otherwise directs, no legal proceedings may be instituted in the High Court against the Commissioner, unless the applicant has given the Commissioner at least 10 business days written notice, in the prescribed form, [**of a least 10 business days**] of the applicant’s intention to institute the legal proceedings.”.

20

Amendment of section 45 of Act 28 of 2011

16. Section 45 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

25

“(1) A SARS official may, for the purposes of the administration of a tax Act and without prior notice, arrive at a premises where the SARS official has a reasonable belief that a trade or enterprise is being carried on and conduct an inspection to determine only—

30

(a) the identity of the person occupying the premises;

(b) whether the person occupying the premises is registered for tax; [**or**]

(bA) whether the physical address of an applicant, as reflected on the application for registration or approval, exists and the premises at the address are suitable for conducting the activities reflected in the application; or

35

(c) whether the person is complying with sections 29 and 30.”.

Amendment of section 68 of Act 28 of 2011, as amended by section 46 of Act 23 of 2015

40

17. Section 68 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (g) of the following paragraph:

“(g) information, the disclosure of which could reasonably be expected to prejudice the economic interests or financial welfare of the Republic or the ability of the government to manage the economy of the Republic effectively in the best interests of the Republic, including a contemplated change or decision to change a tax or a duty, levy, penalty, interest and similar moneys imposed under a tax Act or the [**Customs and Excise Act**] customs and excise legislation;”.

45

Amendment of section 164 of Act 28 of 2011, as amended by section 64 of Act 21 of 2012, section 58 of Act 39 of 2013 and section 50 of Act 44 of 2014

50

18. Section 164 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Waar die bedrag rente wat aan ’n persoon ingevolge subartikel (1) betaal word, meer is as die korrekte bedrag, kan die Kommissaris [ingevolge artikel 40(2)(a)] die bedrag te veel betaal, verhaal asof dit belasting was wat deur daardie persoon betaalbaar is.”

5

Wysiging van artikel 74 van Wet 89 van 1991, soos gewysig deur artikel 188 van Wet 45 van 2003, artikel 105 van Wet 43 van 2014 en artikel 20 van Wet 14 van 2017

14. Artikel 74 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, word hierby gewysig deur na subartikel (1A) die volgende subartikel by te voeg:

“(1B) Die Minister kan regulasies uitvaardig wat die vereistes vir deelname deur ’n ondernemer in ’n vrywillige e-verslagdoeningsstelsel voorskryf, insluitend enige aangeleentheid wat daarmee verband hou wat nodig is om voor te skryf vir die behoorlike implementering of administrasie van hierdie stelsel.”

10

Wysiging van artikel 11 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 40 van Wet 21 van 2012, artikel 33 van Wet 39 van 2013, artikel 36 van Wet 23 van 2015, artikel 48 van Wet 16 van 2016, en artikel 27 van Wet 33 van 2019

15

15. Artikel 11 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011), word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Tensy die hof andersins gelas, mag geen regstappe in die Hoë Hof teen die Kommissaris ingestel word nie, tensy die applikant die Kommissaris ten minste 10 besigheidsdae skriftelike kennisgewing in die voorgeskrewe vorm, van die applikant se voorneme om regstappe in te stel, gegee het.”

20

Wysiging van artikel 45 van Wet 28 van 2011

16. Artikel 45 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

25

“(1) ’n SAID-amptenaar kan, vir die doeleindes van die administrasie van ’n Belastingwet en sonder vooraf kennisgewing, by ’n perseel opdaag waar die SAID-amptenaar ’n redelike vermoede het ’n bedryf of onderneming beoefen word en ’n inspeksie uitvoer om slegs te bepaal—

30

- (a) wat die identiteit is van die persoon wat die perseel beset;
- (b) of die persoon wat die perseel beset vir belasting geregistreer is; [of]
- (bA) of die fisiese adres van ’n applikant, soos aangetoon op die aansoek om registrasie of goedkeuring, bestaan en die perseel by die adres geskik is om die aktiwiteite aangedui in die aansoek, te beoefen;
- (c) of die persoon die bepalings van artikels 29 en 30 nakom.”

35

Wysiging van artikel 68 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 46 van Wet 23 van 2015

17. Artikel 68 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (g) deur die volgende paragraaf te vervang:

40

“(g) inligting, die bekendmaking waarvan rederlikerwys verwag kan word die ekonomiese belange of finansiële welstand van die Republiek of die vermoë van die regering sal benadeel om die ekonomie van die Republiek effektief in die beste belang van die Republiek te bestuur, ingesluit ’n beoogde verandering of besluit om ’n belasting of ’n reg, heffing, boete of rente en soorgelyke gelde gehef kragtens ’n Belastingwet of die [Doean- en Aksynswet] doean- en aksynswetgewing te verander;”

45

Wysiging van artikel 164 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 64 van Wet 21 van 2012, artikel 58 van Wet 39 van 2013 en artikel 50 van Wet 44 van 2014

18. Artikel 164 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—

50

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(2) A taxpayer may request a senior SARS official to suspend the payment of tax or a portion thereof due under an assessment if the taxpayer—
- (a) intends to dispute or disputes the liability to pay that tax under Chapter 9; or 5
- (b) intends to request or requests SARS to make a reduced assessment in terms of section 95(6).”; and
- (b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:
- “(3) A senior SARS official may suspend payment of the **[disputed]** tax under subsection (2) or a portion thereof having regard to relevant factors, including— 10
- (a) whether the recovery of the **[disputed]** tax will be in jeopardy or there will be a risk of dissipation of assets;
- (b) the compliance history of the taxpayer with SARS;
- (c) whether fraud is *prima facie* involved in the origin of the dispute or the return referred to in section 95(6); 15
- (d) whether payment will result in irreparable hardship to the taxpayer not justified by the prejudice to SARS or the fiscus if the **[disputed]** tax is not paid or recovered; or
- (e) whether the taxpayer has tendered adequate security for the payment of the **[disputed]** tax and accepting it is in the interest of SARS or the *fiscus*.” 20

Amendment of section 187 of Act 28 of 2011, as amended by section 66 of Act 21 of 2012, pending amendment by section 52 of Act 44 of 2014, as amended by sections 59 and 137 of Act 23 of 2015 and section 31 of Act 24 of 2020 25

19. Section 187 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution in subsection (3) for paragraph (e) of the following paragraph:

“(e) a percentage based penalty referred to in section **[214]** 213, is the date by which tax for the tax period should have been paid;”.

Amendment of section 222 of Act 28 of 2011, as amended by section 75 of Act 39 of 2013, section 23 of Act 22 of 2018 and section 27 of Act 16 of 2022 30

20. Section 222 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) In the event of an ‘understatement’ by a taxpayer[,] that involves a behaviour listed in the understatement penalty percentage table in section 223, the taxpayer must pay, in addition to the ‘tax’ payable for the relevant tax period, the understatement penalty determined under subsection (2) **[unless the understatement results from a bona fide inadvertent error]**.” 35

Amendment of section 223 of Act 28 of 2011, as amended by section 73 of Act 21 of 2012, section 76 of Act 39 of 2013, section 62 of Act 16 of 2016 and section 42 of Act 33 of 2019 40

21. Section 223 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) SARS must remit a ‘penalty’ imposed for a ‘substantial understatement’ if **[SARS is satisfied that the taxpayer]**— 45

(a) the ‘understatement’ results from a *bona fide* inadvertent error; or

(b) SARS is satisfied that the taxpayer—

(i) made full disclosure to SARS of the arrangement, as defined in section 34, that gave rise to the prejudice to SARS or the *fiscus* by no later than the date that the relevant return was due; and 50

- “(2) ’n Belastingpligtige kan ’n senior SAID-amptenaar versoek om die betaling van belasting of ’n gedeelte daarvan kragtens ’n aanslag verskuldig, op te skort, indien die belastingpligtige—
- (a) kragtens Hoofstuk 9 die verpligting om daardie belasting te betaal betwis of van voorneme is om dit te betwis; of 5
- (b) ’n versoek aan SAID gerig het om ’n verminderde aanslag ingevolge artikel 95(6) uit te reik, of beoog om ’n versoek te rig.”; en
- (b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(3) ’n Senior SAID-amptenaar kan betaling van die belasting [**wat betwis word**] of ’n gedeelte daarvan ingevolge subartikel (2) opskort, na inagneming van tersaaklike faktore, insluitend—
- (a) of die invordering van die belasting [**wat betwis word**] in gevaar sal wees of daar ’n risiko van verkwisting van bates sal wees;
- (b) die nakomingsgeskiedenis van die belastingpligtige by SAID; 15
- (c) of bedrog *prima facie* by die ontstaan van die geskil of die opgawe in artikel 95(6) bedoel, betrokke is;
- (d) of betaling ’n onherstelbare finansiële ontbering vir die belastingpligtige tot gevolg sal hê, wat nie regverdig word deur die nadeel vir SAID of die fiscus indien die belasting [**wat betwis word**] nie betaal of gevorder word nie; of 20
- (e) of die belastingpligtige voldoende sekuriteit verskaf het vir die betaling van die belasting [**wat betwis word**] en aanvaar word dat dit in die belang van SAID of die *fiscus* is.”.

Wysiging van artikel 187 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 66 van Wet 21 van 2012, hangende wysiging deur artikel 52 van Wet 44 van 2014, soos gewysig deur artikels 59 en 137 van Wet 23 van 2015 en artikel 31 van Wet 24 van 2020 25

19. Artikel 187 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur in die Engelse weergawe van die teks, in subartikel (3) paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang: 30

“(e) a percentage based penalty referred to in artikel [214] 213, is the date by which tax for the tax period should have been paid;”.

Wysiging van artikel 222 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 75 van Wet 39 van 2013, artikel 23 van Wet 22 van 2018 en artikel 27 van Wet 16 van 2022 35

20. Artikel 222 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) In die geval van ’n ‘onderstelling’ deur ’n belastingpligtige, waar ’n gedrag gelys in die onderstellingsboete-persentasietabel in artikel 223 betrokke is, moet die belastingpligtige, bykomend tot die ‘belasting’ vir die tersaaklike belastingtydperk betaalbaar, die onderstellingsboete bepaal kragtens subartikel (2), betaal[, tensy die onderstelling voortspruit uit ’n onbewustelike *bona fide* fout].”.

Wysiging van artikel 223 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 73 van Wet 21 van 2012, artikel 76 van Wet 39 van 2013, artikel 62 van Wet 16 van 2016 en artikel 42 van Wet 33 van 2019 45

21. Artikel 223 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) SAID moet ’n ‘boete’ opgelê vir ’n ‘wesenslike onderstelling’ kwytskeld indien [**SAID tevrede is dat die belastingpligtige**]— 50

(a) die ‘onderstelling’ voortspruit uit ’n onbewustelike *bona fide*-fout; of

(b) SAID tevrede is dat die belastingpligtige—

(i) die reëling ten volle aan SAID openbaar gemaak het, soos kragtens artikel 34 omskryf, wat aanleiding gegee het tot die benadeling van SAID of die *fiscus* teen nie later nie as die datum waarop die tersaaklike opgawe verskuldig was; en 55

- [(b)](ii) was in possession of an opinion by an independent registered tax practitioner that—
- [(i)](aa) was issued by no later than the date that the relevant return was due;
- [(ii)](bb) was based upon full disclosure of the specific facts and circumstances of the arrangement and, in the case of any opinion regarding the applicability of the substance over form doctrine or the anti-avoidance provisions of a tax Act, this requirement cannot be met unless the taxpayer is able to demonstrate that all of the steps in or parts of the arrangement were fully disclosed to the tax practitioner, whether or not the taxpayer was a direct party to the steps or parts in question; and
- [(iii)](cc) confirmed that the taxpayer's position is more likely than not to be upheld if the matter proceeds to court.”.

Amendment of section 227 of Act 28 of 2011, as amended by section 66 of Act 23 of 2015

22. Section 227 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended—
- (a) by the deletion of “and” at the end of paragraph (e);
- (b) by the addition of “; and” after paragraph (f); and
- (c) by the addition of the following paragraph:
- “(g) not constitute an ‘underpayment’ as defined in section 77Z of the Customs and Excise Act, 1964.”.

Amendment of section 247 of Act 28 of 2011, as amended by section 32 of Act 43 of 2024

23. Section 247 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
- “(1) SARS may serve, deliver or send the company a notice or other document provided for under a tax Act to an address provided by the company as referred to in section 23 or 249.”.

Amendment of section 249 of Act 28 of 2011

24. Section 249 of the Tax Administration Act, 2011, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraph (a) of the following paragraph:
- “(a) keep the office of public officer constantly filled and must at all times maintain a place for the service or delivery of notices **[in accordance with section 247(1)]** in the Republic; and”.

Amendment of section 2 of Act 47 of 2024

25. Section 2 of the Global Minimum Tax Administration Act, 2024 (Act No. 47 of 2024, is hereby amended—
- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
- “(1) A Domestic Constituent Entity of an MNE Group, Domestic Joint Venture or Domestic Joint Venture Subsidiary of a Domestic Joint Venture Group must apply for registration and submit a GloBE Information Return to the Commissioner.”; and
- (b) by the substitution in subsection (3)(b) for subparagraph (ii) of the following subparagraph:
- “(ii) if subsequent to a notice under subparagraph (i) a new Entity is designated as the **[Domestic]** Designated Local Entity, a new notification must be provided to the Commissioner upon or immediately after such new designation.”.

- [(b)](ii) in besit was van 'n mening van 'n onafhanklike geregistreerde belastingpraktisyn[, soos in artikel 239 omskryf], wat—
- [(i)](aa) nie later nie as die datum waarop die tersaaklike opgawe verskuldig was, uitgereik is nie;
- [(ii)](bb) gebaseer is op volle openbaarmaking van die 5 spesifieke feite en omstandighede van die reëling en, in die geval van enige mening aangaande die toepaslikheid van die wese bo vormleerstelling of die teenvermydingsbepalings van 'n Belastingwet, kan hierdie vereiste nie nagekom word tensy die 10 belastingpligtige [en] in staat is om te bewys dat alle stappe in₂ of gedeeltes van₂ die reëling ten volle aan die belastingpraktisyn geopenbaar is, ongeag of die belastingpligtige 'n direkte party tot die stappe of gedeeltes ter sprake was₂ al dan nie; en 15
- [(iii)](cc) bevestig het dat die belastingpligtige se standpunt waarskynlik gehandhaaf sal word, indien die aangeleentheid voor 'n hof sou kom.”.

Wysiging van artikel 227 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 66 van Wet 23 van 2015 20

22. Artikel 227 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig—
- (a) deur “en” aan die einde van paragraaf (e) te skrap;
- (b) deur “; en” aan die einde van paragraaf (f) by te voeg;
- (c) deur die volgende paragraaf by te voeg:
- “(g) nie 'n ‘onderbetaling’ soos omskryf in artikel 77Z van die Doeane- en Aksynswet, 1964, daarstel nie.”. 25

Wysiging van artikel 247 van Wet 28 van 2011, soos gewysig deur artikel 32 van Wet 43 van 2024

23. Artikel 247 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: 30
- “(1) SAID kan aan 'n maatskappy 'n kennisgewing of ander dokument waarvoor kragtens 'n Belastingwet voorsiening gemaak word aan die maatskappy bestel, aflewer of stuur, by 'n adres deur die maatskappy voorsien, soos in artikel 23 of 249 bedoel.”.

Wysiging van artikel 249 van Wet 28 van 2011 35

24. Artikel 249 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(a) die amp van openbare amptenaar deurlopend gevul hou en te alle tye 'n plek in die Republiek in stand hou vir die bediening of aflewering van kennisgewings [ooreenkomstig artikel 247(1)]; en”.
- 40

Wysiging van artikel 2 van Wet 47 van 2024

25. Artikel 2 van die Wet op Globale Minimum Belastingadministrasie, 2024 (Wet No. 47 van 2024), word hierby gewysig—
- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(1) 'n Plaaslike Konstituerende Entiteit van 'n MNO-groep, Plaaslike 45 Gesamentlike Onderneming of Plaaslike Gesamentlike Ondernemingsfiliaal van 'n Plaaslike Gesamentlike Ondernemingsgroep moet aansoek doen om registrasie en 'n GloBe-inligtingsopgawe by die Kommissaris indien.”; en
- (b) deur in subartikel (3)(b) subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te 50 vervang:
- “(ii) indien, na 'n kennisgewing ingevolge subparagraaf (i), 'n nuwe Entiteit aangewys word as die [Plaaslike] Aangewese Plaaslike Entiteit, 'n nuwe kennisgewing aan die Kommissaris verskaf word ten tyde van of onmiddellik na sodanige nuwe aanwysing.”. 55

Short title and commencement

26. (1) This Act is called the Tax Administration Laws Amendment Act, 2026.

(2) Save in so far as is otherwise provided for in this Act, or the context otherwise indicates, the amendments effected by this Act come into operation on the date of promulgation of this Act.

5

Kort titel en inwerkingtreding

- 26.** (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2026.
(2) Tensy hierdie Wet anders bepaal of dit uit die samehang anders blyk, tree die wysigings wat deur hierdie Wet aangebring word op die datum van promulgasie van hierdie Wet in werking.

5

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065